

30 Oktober 2014

Jaargang 7 – Uitgawe 37

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en werkrumtes
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

VOORBLAD

Soos Daniël in die leeuuil

Sondag 14 September 2014 om 06:45 is ek (81) en my vrou Bibi (78) deur gewapende rowers oorval by ons huis op die plaas Bosrand, 10 km vanaf Bothaville.

Soos gewoonlik het ons twee huiswerkers om 06:45 aangestap gekom. Die kombuisdeur was reeds oopgesluit. Ek het in die kombuis gestaan. Toe hulle in die deur kom, het hulle geskreeu *die tsotsi's is hier!* Tegelykertyd het ses gewapende swartmans ingestorm, ons rondgestamp en geld geëis. My vrou was in die badkamer en het histories uitgekro. Hulle wou nie glo dat behalwe ons beursies ons geen ander geld het nie.

Ons is almal vasgemaak met ons hande agter die rug. Die leier van die groep het 'n skerp mes in die kombuis gaan haal en dit op my keel gesit en geëis dat ek hom moet sê waar die groot geld is. Ek het weer gesê dat ons niks hier het nie en dat hy maar my keel kan afsny. Hy het die mes weggegooi en toe sy pistool teen my kop gedruk. Ek het gesê dat hy maar die sneller moet trek, ek moet in alle geval eendag gaan. Uit frustrasie het hy my toe met die sandrol wat voor die deur was oor die kop geslaan. Elke kledingstuk is uitgehaal en deursoek, al die matte is opgetel, agter elke portret en skildery is gesoek vir 'n moontlike kluis of wegsteekplek. Al my vrou se juwele is gebuit, twee pistole, ± 24 bottels drank, al ons selfone, verkykers, R1 600 van ons en R5 200 van ons werkers.

Hulle was meer as twee uur besig met ons – wat soos 200 uur gevoel het. Ek dink nie mense besef met watter brutaliteit so 'n aanval geskied nie. Die haat en barbaarsheid wat jy daar ervaar, is angswekkend. In 'n stadium het dit stil geraak en het ons gedink dat hulle weg is. Ek het op 'n manier so beweeg dat ek die deur kon sluit. Hulle het die een Land Cruiser se sleutel en my vrou se motorsleutels geneem. Ek het vir hulle gesê dat die nuwe Land Cruiser se sleutels in die dorp is. Die Land Cruiser waarvan hulle die sleutels geneem het, se immobiliseerder was geaktiveer. Die toeter het begin blaas en ek het geweet hulle kon nie met hom wegkom nie. Die nuwe een se agterruit het hulle met 'n groot klip stukkend gegooi om die enjinkap oop te maak en hom te probeer aanskakel. Hulle kon hom egter ook nie aan die gang kry nie. Toe hulle terugkeer, het hulle gevind dat die kamerdeur gesluit was. Die deur is oopgeskop terwyl een met sy pistool stelling ingeneem het by die venster.

Deur die genade van ons almagtige Vader het ons buurman op pad na sy beste 'n groen BMW met 'n GP-registrasienommer op ons privaatpad gekry en die bestuurder aangespreek omdat hy geen reg het om daar te ry nie. Hy het beleef om verskoning gevra en gesê dat hy verdwaal het. Min het ons buurman geweet wat by ons aan die afspeel was en dat die insittende betrokke was.

Die bestuurder van die motor moes die rowers gewaarsku het, want nadat die deur oopgeskop is en ons weer behoorlik vasgemaak is, het hulle weggegaan. Een van die werkers kon haar loswikkell en ons toe lossny. Nadat ek losgemaak is, het ek in my nagklere dorp toe gejaag om hulp te ontbied.

'n Soortgelyke voorval het in 2012 by my dogter se huis in Waterkloof gebeur terwyl ek daar aangesterk het na 'n oogoperasie. Ek en my vrou is waarlik bevoorreg en begenadig om ongeskonde te kon oorleef. Dit voel vir my of ons soos Daniël in die leeuuil bewaar is deur ons almagtige Vader.

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org
Die Hervormer www.hervormer.co.za
e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Crawford von Abo



BEROEPE EN WERKRUIMTES

Beroep ontvang

- **Prop CL (Nelius) van Niekerk** (beroepafwagting) na Grimbeekpark (deeltydse werkrumte)
- **Ds JD (Jan) Grobler** (emeritus) na Kroonstad (deeltids)
- **Ds JM (Marthinus) van Staden** van Gaborone na Klerksdorp-Doringkruin

Beroep aanvaar

- **Prop S (Sanet) van der Walt** (beroepafwagting) na Ogies (besondere opdrag)



Prop Nelius van Niekerk

Ds Jan Grobler



Ds Marthinus van Staden

Prop Sanet van der Walt

PREDIKANTE EN GEMEENTES


Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na produksie@nhk.co.za. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- Emerituspredikant **ds Gerrie Botha** van Viljoenskroon is in die Bloemfonteinse Mediclinic opgeneem vir toetse. Ons bid hom spoedige herstel toe.
- Daar is altyd groot vreugde wanneer SENTIK se produksiespan die CD met die manuskrip van die **Almanak/Bybelse Dagboek** aan die drukkers oorhandig. Die proses het begin en die proewe word nog vandeeweek verwag. Die 2015-weergawe (Jaargang 109) is die 16de uitgawe vandat in 2000 wegbeweeg is van die tradisionele rooi omslag. Sedertdien het dit 'n volkleuromslag met ontwerpe wat simbolies by die een of ander tema aansluit. Die treffende omslag van 2015 se *Almanak*-gedeelte wil volgens dr Wian Kloppers, wat dit ontwerp het, deur middel van poëtiese suggestie ons *kerkwees vandag* uitbeeld. Die een tak se kronkel na onder suggereer die pad van omdraai en afdraai ten einde weer op te kan kyk en koers en betekenis na Bo te kan ontdek. Die *Dagboek*-gedeelte se uitbeelding spreek van rustigheid en tot rus kom: Luister na God se stem soos 'n sagte aandwind tussen die bome.

Besluite van die 70ste AKV vind neerslag in die inligting wat in die nuwe *Almanak* vervat is. Die nuwe kernkomitees en subkomitees vervang byvoorbeeld die 31 rade en komitees van vroeër en daar word nie meer onderskeid gemaak tussen predikante met voltydse, deeltydse of deelsorgstandplase nie.

Die *Almanak/Bybelse Dagboek* van 2015 kan teen R140 (posgeld uitgesluit) bestel word van mev Susann van Zyl by sentik@nhk.co.za, tel 012 322 8885 x291 of faks 086 633 4054. Indien dit by u gemeente bestel word, betaal u nie posgeld nie.

- **Vakante pos: Redakteur vir ADV-publikasies.** Die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering benodig die dienste van 'n redakteur vir die ADV se maandelikse bylaag in *Konteks*, 'n *Stukkie Brood*. Die redakteur sal ook verantwoordelik wees vir die ADV se elektroniese maandblad, *Omgee-in-Aksie*, sowel as vir plasinge in die *e-Hervormer* namens die ADV. Daar is 'n onderhandelbare vergoeding aan die dienste verbode. Rig aansoeke aan die sekretaris van die ADV, by gerhard@diakens.co.za.
- **NHSV beurse en lenings vir 2015.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitse Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die lenings/beurse wissel van R3 000 tot R8 000. Aansoekvorms kan afgelaai word van www.nhsv.org.za, onder NHSV kantoor, pro forma-dokumente. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2014**.





- **Die Kerkhistoriese Genootskap se jaarkongres** vind op **Donderdag 27 November** by Gemeente Pretoria plaas. Die tema is *Verset teen die owerheid: Die Rebelle van 1914*. Verrigtinge begin om 09:30, waarna **prof AWG Raath** aan die woord is oor die Rebelle van 1914: Generaal JH de la Rey en Siener van Rensburg. **Emeritusprof SJ Botha** sal praat oor die Nederduitse Hervormde Kerk en die Rebelle van 1914. Na die oorhandiging van die SP Engelbrecht-erepenning sal **dr Wim Dreyer** Reformatoriese perspektiewe gee oor verset teen die owerheid. Na afloop van algemene replek vind die jaarvergadering plaas. Rig navrae aan dr Kálmán Papp by papp@biblesociety.co.za.
- **Ring van Roodepoort: Organiseerder Evangelisasiewerk.** Die ring wag aansoeke in vir 'n evangelisasiepos teen onderhandelde vergoeding. Die suksesvolle kandidaat sal 'n teologiese gegradueerde wees met 'n belangstelling in evangelisasie. 'n Nagraadse kwalifikasie in evangelisasie sal 'n aanbeveling wees. Hy/sy sal in samewerking met evangelisasiekomitees in die gemeentes van die ring van Roodepoort evangelisasie-inisiatiewe beplan en lei. Die aanstelling sal vir 'n sekere tydperk wees en sal dan geëvalueer word in terme van die daadwerklike groei wat in die gemeentes plaasgevind het. Belangstellendes kan 'n kort en toepaslike CV stuur aan die voorsitter van die ring, ds Kobus Pienaar, by ajpienaar1@gmail.com.
- **Preekbeurt in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of nhkdullstroom@gmail.com.

Spesiale eredienste

- **Gemeente Magaliesmoot: 25-jaar-ampsjubileum van ds Mariët Robbertze**
Sondag 9 November om 09:00
Di David Barnard, Stephen de Beer en sr Anna van Zyl sal gelukwense oordra
Ds Robbertze het in gemeentes Elandspoor, Wespark, Pretoria-Wes en Magaliesmoot gedien
Navrae aan 012 376 4313 of nhkmagmoot@gmail.com
- **Gemeente Zuurfontein: 75-jaar-viering**
Sondag 16 November om 10:30
Erediens waargeneem deur dr Wim Dreyer
Openbare belydenis van geloof waargeneem deur ds Hannes Janse van Rensburg
Groeteboodsjappe van Kommissie van die AKV en ring van Zuurfontein
Bevestiging teenwoordigheid voor 31 Oktober
082 927 3700 of hannes@nhzuurfontein.org

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 7 November, en word hartlik geluk gewens:**
 - o Donderdag 30 Oktober: Dr AE (Anet) Dreyer-Krüger (Rustenburg-Suid), di WH (Wilhelm) Steyn (emeritus) en WF (Werner) Venter (Schoemansdal)
 - o Vrydag 31 Oktober: Ds QJ (Quinten) Schimper (Piet Potgieter/Roedtan)
 - o Saterdag 1 November: Ds RJ (Roelf) Coertze (emeritus)
 - o Sondag 2 November: Ds IM (Naas) Lombard (Suidoos-Witbank)



- o Maandag 3 November: Di P (Petrus) Harmzen (Gerdau/Hartbeesfontein) en HA (Hennie) Retief (beroepafwagend)
- o Dinsdag 4 November Di HN (Hennie) Botha (emeritus), GF (Gerhard) Kruger (Zwartruggens) en G (Gerhard) Viviers (Laeveld)
- o Donderdag 6 November: Ds WL (Wikus) van der Merwe (emeritus)
- o Vrydag 7 November: Ds SA (Fanie) Beukes (Wesmoot)

Beplande vergaderings

- o Saterdag 1 November: Kommissie van die ADV
- o Dinsdag 4 November: VTT
- o Donderdag 6 November: Kommissie van die AKV
- o Vrydag 7 November: Kommissie van die AKV

Kursusse en toerusting

- **Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) in November 2014
Net op Dinsdag 4 November**

Tema: *Kerkwees in die tyd wat aangebreek het*

By Gemeente Pretoria-Oos, koste R200 per persoon

Kontak mev Betsie Brits by betsie.brits@up.ac.za / faks 012 420 4303 /
tel 012 420 5393

Registrasiefooi verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito

Bank: ABSA

Naam van rekening: Kerkgeld vir Kerkwerk

Rekeningnommer: 020 149 752

Kode: 63 20 05

Verwysing: 2013K VTT gevolg deur naam van kursusganger

Predikante moet die dokument van dr Wim Dreyer – *Saam in diens: 'n Handleiding vir gemeentes wat in die voetspore van Jesus wil volg* – wat aan alle predikante gestuur is, vooraf bestudeer en saambring na die VTT. Die dokument kan aangevra word van mev Karen Breedts by karen@nhk.co.za.

Skryfwenke

Die grootste skryftalent is om nooit twee woorde te gebruik as een genoeg is nie.
(Thomas Jefferson)

Een van die moeilikste dinge vir 'n skrywer is om by 'n voorgeskrewe lengte te hou. Wanneer 'n redakteur 'n maksimum woorde voorskryf, is dit omdat daar eenvoudig nie méér plek vir die artikel beskikbaar is nie. Die skrywer moet dit eerbiedig. Dit is uiters arrogant om te verwag dat 'n redaksie maar net die langer artikel moet aanvaar – en dit gaan meestal nie gebeur nie.

Meestal kan artikels en berigte aansienlik verkort word bloot deur onnodige woorde en frases en ondeurdagte herhalings weg te laat. Natuurlik hou outeurs nie daarvan as aan hul tekste getorring word nie; dit is egter in die meeste gevalle onvermydelik. Gewoonlik moet inleidingsparagrafe en subopskrifte ook nog ingevoeg word, en ruimte vir 'n foto of ander grafika, en vir oop en gemaklike lees gelaat word.

'n Subredakteur of redigeerder moet die volgende aspekte in ag neem: duidelikheid; leesbaarheid; volledigheid; balans en billikheid; akkuraatheid; taal en styl.

'n Artikel of berig word verkort as dit te lank is vir die gegewe ruimte, of as dit omslagtig geskryf is en bondiger gestel kan word. Dit word gedoen onder meer deur lang, lomp sinne korter te maak, oorbodige woorde uit te sny, enkele werkwoorde in plaas van werkwoordelike frases te gebruik, onnodige byvoeglike naamwoorde uit te haal, die

bedrywende eerder as die lydende vorm te gebruik, en detail wat afwyk van die fokus van die teks uit te sny.

Met ongevraagde mededelings of onnodige uitweidings verloor 'n teks aan bondigheid en word dit onaantreklik. Dit kan selfs onduidelik word. Frases soos *soos reeds gesê* en *soos u reeds weet*, is onnodig en hinderlik. Jargon en modewoorde soos *vreeslik* en *fantasties* moet ook vermy word.

Veral briëfskrywers is geneig om ritse Bybeltekste aan te haal om 'n standpunt te ondersteun. Die brief raak dan te lank vir publikasie, en dit is buitendien gevaarlik om sake met losstaande tekste te verdedig.

Woordrykheid verskans soms 'n armoede aan gedagtes. 'n Grafsteenmaker het 'n vrou se woorde, *Hier rus my liewe man, J Jansen*, verkort tot *Die heer J Jansen*. Sy verduideliking? Die *hier* is vanselfsprekend, die *rus* is onwaar, die *my* is irrelevant vir die verbyganger, en miskien was die man glad nie *lief* nie!

Gedig

Ek sal opstaan

*Ek sal opstaan en na my vader gaan;
opstaan uit my vodde en my vuil;
opstaan en onder die volle maan
wat geel streep oor die vleiland, gaan en huil
aan sy breë skouer, en hóm saggies vra
om alles te vergeet, en te vergewe
die jongkrag van my hoon wat hy moes dra;
dat ek weer soos 'n kindjie klein die lewe
vol sonskyn voel, die vreugde van my werk
in die wingerd waar pers die swaar korrels hang;
dat ek weer voel my hande jonk en sterk,
die voorjaarskoelte saggies teen my wang –
Voorwaar, onmiddellik na my vader sal
en moet ek gaan, en aan sy voete val.*

WEG Louw

(Uit: *Versamelde gedigte* 1988)

Beskikbare behuising



Kamer met volle losies beskikbaar

Villieria, Pretoria

Gemeubileerde kamer met etes en wasgoed
teen R2 500 per maand. Beskikbaar vanaf Desember 2014.

Stil omgewing 8 km van Universiteit af,
naby winkelsentrums en ander infrastruktuur.

Kandidaat sal saam met gesin woon en geriewe deel.
Die rustigheid van die gesinswoning en omgewing
moet gerespekteer en gehandhaaf word.

Navrae aan Hanlie Pretorius by 060 507 1642



- **Gemeente Bronkhorstspuit: Aftree-eenhede
De Oude Pastorie Trust Bronkhorstspuit**

Tweeslaapkamereenhede met stoep en toesluitmotorhuis word in die vooruitsig gestel onder die Wet op Behuisingontwikkelingskemas vir Afgetrede Persone (65 van 1988) op basis van lewensreg. Pryse vanaf R730 000 onderhewig aan eskalاسie. Die eenheid sal reg teenoor die Hervormde kerkgebou (langs die ou pastorie) opgerig word en is binne loopafstand van 'n verskeidenheid besighede, dokters, apteke, oogkundiges, poskantoor, munisipale kantore, ensovoorts. Belangstellendes kan die gemeente gedurende kantoorure kontak by 013 932 2929 of 082 353 9752.



Studente-akkommodasie Universiteit Pretoria

Gemeubileerde kamers in private koshuis en kommunes beskikbaar vir studente
Naby Universiteit, sportgronde en inkopiesentrums
Vir Afrikaanse Christenseuns en -meisies

Vanaf R2 800

+27 12 362 1192 / +27 79 500 7500 / +27 71 659 6114
E-pos: admin@tukiestate.co.za / Info: www.tukiestate.co.za

Konserte en feeste

- **Ds Fanie Beukes en Doulos Armoedebediening**

Reël 'n geestelik opbouende aand

Die kunstenaar en Doulos verskaf die plakkate en kaartjies gratis

Kaartjies kos R60 (gemeente, kunstenaar en Doulos kry elk R20)

Kosverkope is deel van gemeente se wins

Navrae: 073 167 1183 / tel en faks 086 208 3624

E-pos: dankieHeer@gmail.com

www.facebook.com/dankieHeer

- **Midstream Familiekerk se Vroue-in-Aksie**

Vrydag 7 November om 19:30: 99 Hits

Sluit musiek vir almal se smaak in

Ten bate van **Van Rensburg-tehuis vir bejaardes**

Barnyard Parkview (Pretoria)

Kaartjies R170 per persoon

Tafels van 10 persone beskikbaar vir groepe

Bring eie verversings of bestel vooraf by die teater 'n pizza/eetgoed

Kontak Carlien Pretorius by 082 9271501 of carlien@wildfiggroup.com

vir besprekings en meer inligting

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 22 November vanaf 08:00: Gemeente Montana-Oos
Veldfietswedren**

Ook heerlike eetgoed en speletjies vir die kinders

By Die Stoor, Kameeldrift-Oos (volg aanwysings vanaf Moloto-pad)

10, 30 en 50 km ritte

Inskrywings: www.cycleevents.co.za / www.fusionsport.co.za

Meer inligting by 012 804 8407 / info@fusionsport.co.za



Allegaartjie

Die ou gholf-gesegde geld vir die hele lewe: speel die bal soos dit lê. Moenie vertel dat ander dit soveel beter as jy het nie. Moenie kroek om die bal te verskuif nie. Moenie kerm oor jou slegte geluk nie. Hou jou kop laag en speel voort. Die Here sal jou help, veral wanneer dit by die groot opdraandes en diep slote kom. (Izak de Villiers, uit Liedjies uit 'n towerfluit, 2007)

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Fondsinsamelings**
 - **Wen 'n skootrekenaar:** Samsung Notebook NP270E5E
R10 per kaartjie
Kontak Tobie by 083 327 1500 / nhksasolsuid@gmail.com
 - **Wen 'n versamelaarsmes**
R50 per kaartjie
Navrae aan nhksasolsuid@gmail.com
 - **Koop 'n motorfiets:** Kawasaki ZZR 1100
Ongeveer 67 500 km, goeie toestand
R22 000 onderhandelbaar
Vir fondsinsameling vir gemeente
Kontak Freddie by 083 436 1402
- **Gemeente Witfield: Fondsinsameling**
18 pragtige liggewig kaskarre gebou van pyp en aluminiumplate
Te huur @ R400 per kaskar of R5 000 vir 18 kaskarre
Kontak ds Theo Janse van Nieuwenhuizen by 083 232 5101 / 011 826 4017
of Alida Reed by 082 228 3552
of skakel kantoor op Dinsdae, Woensdae of Vrydae tussen 09:30 en 14:30
by 011 826 4625
- **Gemeente Hartbeesfontein: Wen-wen-wen-kompetisie 2015**
Koop 50 kompetisieboekies (11 kaartjies per boekie) = totaal van 550 kaartjies
Kaartjie kos R100 – dus 50 boekies = R55 000 in kontantwaarde
Betaal slegs R5 000 vir 50 boekies (550 kaartjies)
Samel vir uself, u gemeente, skool, instansie of klub R50 000 in
Verskeie pryse (vleisbeeste, kontant, rekenaar, diamant, ens)
Verkoopte kaartjies moet die gemeente **teen 15 Mei 2015** bereik
Kontak skriba Manus van Staden by 082 707 9398

Basaars en markte

- **Saterdag 1 November 08:00 tot 16:00**
Gemeente Schoemansdal (Hartbeespoort): Kersmark
Tafels beskikbaar teen R100 elk – geen verdere koste nie
Kontak gemeentelike kerkkantoor by 012 235 0146
- **Saterdag 8 November vanaf 10:00: Gemeente Benoryn (Benoni)**
Fees: Kokkenoni!
By die kerk langs Linmed-hospitaal, hv De Mist- en Strubenstraat, Rynfield
Al die tipiese basaarkosse, met splinternuwe kinkels!
Speelpark met waterglybane en ponieritte vir die kinders
Oulikegesiggiekompetisie: Stuur goeie A5-foto's na dsmarlize@gmail.com
R50 per inskrywing, heerlike pryse op die spel
Kontak ds Marlize Gasson by 072 117 0317 of e-posadres hierbo



- **Saterdag 29 November: Gemeente Wesmoot: Kersmark**
By Makro in Wonderboom
Enige gemeente wat wil saamwerk, kan ds Fanie Beukes kontak
073 167 1183 / faniebeukes@yahoo.com
- **Donderdag 24 – Sondag 27 September 2015**
Gemeente Utrecht in KwaZulu-Natal
Pure Plaas Boerefees en Potjiekompetiese
Die gemeente het gekrimp tot net 35 lidmate!
Ons nooi ons mense wat self produkte maak of produseer
Bespreek 'n stalletjie by ons teen slegs R200 per stalletjie
en R50 ekstra vir krag
Navrae aan Sanet Bezuidenhout (koördineerder) by 034 331 4362
Inligting beskikbaar op Facebook
(Hervormde Kerk Utrecht Potjiekos Kompetisie en Pure Plaas Boerefees)

ANDER NUUS

- **Fakulteit Teologie, UP: Vrydag 31 Oktober 11:30-13:00**
Gaslesing deur prof Michael Tilly
Van Eberhard Karls Universiteit, Tübingen, Duitsland
The canon of Scripture: The authority and history of the Biblical books
Bevestiging bywoning by mev Karen Esbagh (karen.esbagh@up.ac.za)
- **Kos-, wyn- en aarbeifees ten bate van Marthie de Bruyn-sentrum**
(Skool vir kinders met spesiale onderwysbehoefes)
1 en 2 November 09:00-16:00
Toegang R100 volwassenes, kinders onder 18 gratis
Lakelands-aarbeiplaas, Plot 23, Tiegerpoort, Pretoria-Oos
Navrae by 072 942 5111 / 083 664 9561
admin@lakelands.co.za

Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die e-Hervormer geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees.** (Let asseblief op die nuwe groottevoorskrif.)

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit). (Die prys styg met ingang van Januarie 2015 na R200 per plasing.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

KOMMENTAAR

Lesers kan **kort kommentaar** (uiters 100 woorde) stuur na produksie@nhk.co.za. Anonieme bydraes word nie gebruik nie, en die finale besluit oor plasing berus by die redakteur.

Oor die voorbladartikel van dr Stephan Hoffman, 23 Oktober 2014:

“Ek weet nie of ek al ’n meer relevante en raak opsomming van ons Kerk as deel van die liggaam van Christus gelees het nie. Ek het in heelwat gemeentes gewerk en albei kante ervaar. ’n Intreepreek van een van ons predikante kom weer by my op: *Ek is nie hier om vir die Kerk te werk nie, ek is hier om die Here te dien...* Ek sou dit waardeer indien meer van hierdie tipe skrywes geplaas word – ’n oproep tot elke lidmaat om aktief deel te word van *meelewing* in die gemeentes tot diensbaarheid aan die Here en medelidmate.” (Verkort)

Jerrie Conradie, pensioenaris

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Ek weet, Here,
dat U my nie óm die hartseer lei nie,
U lei my daardéúr.
Al gaan ek ook deur donker dieptes
en al voel dit vir my
of ek u hand mis vat,
is ek nie bang nie,
want U is by my.

(Jörg Zink)

